

## Die Spook

Ek hoor kort-kort van die storie van Saul, waar Samuel se gees vir Saul gekuier het, in die aand voor sy dood. Hier is die feite, moenie toelaat dat iemand jou mislei nie!

Saul wou nie die Here se instruksies volg nie, hy het sy eie trotse idees gevolg.

*Die HERE sê toe vir Samuel: "Ek is spyt dat Ek Saul koning gemaak het, want hy was ontrou aan My en ongehoorsaam aan my opdragte." Samuel was baie onsteld hieroor en het die hele nag by die HERE gepleit. (1Sa 15:10-11)*

*Samuel sê toe vir Saul: "Bring Agag, koning van die Amalekiete, hier na my toe." Agag kom toe met goeie verwagtings, en sê: "Sekerlik sal hulle my nie meer doodmaak nie!" Maar Samuel sê: "Soos jou swaard baie ma's kinderloos gemaak het, so sal jou ma nou kinderloos wees."*

*Toe het Samuel vir Agag, voor die HERE in Gilgal, in stukke gekap. Daarna het Samuel na sy huis in Rama gegaan en Saul na sy huis in Gibeon. Samuel het tot op die dag van sy dood nooit weer vir Saul gesien nie, hoewel hy oor hom gerou het. Die HERE het berou gehad dat Hy Saul koning van Israel gemaak het. (1Sa 15:32-35)*

Die sin is verkeerd vertaal volgens die KJV vertaling. Wat daar moes staan is: 'Samuel het nooit weer vir Saul kom sien tot op die dag van sy dood, hoewel hy oor hom gerou het.'

Jy sal nou sien dat Saul later vir Samuel gaan sien het. Saul wou Dawid doodmaak. Hy het drie groepe mense gestuur na Samuel se huis toe, om Dawid gevange te neem.

*Dit is aan Saul meegedeel sodat hy ander gestuur het. Hulle het egter ook soos profete opgetree. Saul het weer mense gestuur, maar dieselfde het met hulle gebeur. Toe gaan hy self na Rama toe. By die groot opgaardam in Seku aangekom, vra hy: "Waar is Samuel en Dawid?" "Hulle is in die profetekwartiere in Rama," was die antwoord.*

*Op pad daarheen het die Gees van God oor Saul gekom sodat hy tot in Rama soos 'n profeet opgetree het. Hy het selfs sy klere uitgetrek terwyl hy soos 'n profeet voor Samuel opgetree het. Die hele dag en nag het hy daar sonder klere gelê sodat die mense gevra het: "Wat, is Saul ook onder die profete?" Dawid vlug toe uit die profetekwartiere in Rama en kom by Jonatan aan. (1Sa 19:21 - 20:1)*

Samuel het vir Saul gesien en niemand is dood die dag, want Dawid het gevlug.

*In tussen het Samuel gesterf. Die hele Israel het bymekaargekom en oor hom gerou. Hulle het hom by sy huis in Rama begrawe. (1Sa 25:1)*

Ongeveer hierdie tyd het die Filistyne hulle troepe saamgetrek vir 'n oorlog teen Israel. Akis sê vir Dawid: "Jy besef seker dat jy en jou manne saam met my oorlog toe sal moet gaan." "Sekerlik!" sê Dawid. "Dan sal u self kan sien waartoe ons in staat is." Akis sê vir hom: "Goed, ek stel jou permanent aan as my persoonlike lyfwag."

Intussen het Samuel gesterf. Die hele Israel het oor hom gerou. Hy is in Rama, sy tuisdorp, begrawe. Intussen het Saul al die dodebesweerders en waarsêers uit die land verban. Die Filistyne het hulle kamp by Sunem opgeslaan. Saul het al die Israelite opgeroep en kamp opgeslaan by Gilboa. Toe Saul die groot Filistynse mag sien, het hy wanhopig van vrees geword. Hy het die HERE gevra wat hy moes doen, maar die HERE het hom nie geantwoord nie, nie deur drome nie en ook nie deur die Urim of die profete nie.

Saul beveel toe sy amptenare: "Soek 'n vrou wat 'n dodebesweerder is sodat ek vir haar kan gaan vra wat om te doen." Sy amptenare antwoord: "Daar is 'n dodebesweerder in En-Dor." Saul het homself vermom en ander klere aangetrek. Vergesel van twee van sy manskappe het hy in die nag na die vrou se huis toe gegaan.

"Raadpleeg vir my die gees van 'n afgestorwene," sê hy.  
"Roep die een op wat ek vir jou sal sê."  
"Nee!" sê die vrou. "Jy weet mos dat Saul alle dodebesweerders en waarsêers uit die land verban het. Hoekom stel jy vir my 'n strik sodat ek moet sterf?"

Maar Saul het 'n eed afgelê in die Naam van die HERE en belowe: "So seker as die HERE leef, jy sal niks oorkom as jy dit doen nie." Uiteindelik het sy ingewillig: "Wie se gees moet ek vir jou oproep?" "Roep Samuel vir my op," antwoord Saul.

Toe die vrou Samuel sien, skreeu sy hard: "U het my mislei! U is Saul!"  
"Moenie bang wees nie!" sê hy vir haar. "Wat sien jy?"  
"Ek sien 'n gees wat uit die onderwêreld opkom," sê sy.  
"Hoe lyk hy?" vra Saul.  
"Dis 'n ou man met 'n mantel aan," antwoord sy.  
Saul het besef dis Samuel, en hy het in eerbied voor hom op die grond neergeval.

"Hoekom pla jy my deur my op te roep?" vra Samuel.  
"Ek is baie beangs," antwoord Saul.  
"Die Filistyne maak oorlog teen my, maar God het my verlaat. Hy antwoord my nie deur óf profete óf drome nie. Daarom het ek u laat oproep om my te sê wat ek moet doen."  
Maar Samuel antwoord hom: "Waarom vra jy vir my as die HERE jou verlaat het en jou vyand geword het? Die HERE het gedoen net soos Hy deur my gesê het Hy sou doen. Hy het die koningskap van jou weggeneem en dit vir iemand anders, vir Dawid, gegee. Die HERE doen dit omdat jy nie sy bevel oor die Amalekiete gehoorsaam het en hulle gestraf het nie. Trouens, die HERE sal Israel saam met jou oorgee in die mag van die Filistyne sodat jy en jou seuns môre by my sal wees. Die HERE sal toesien dat die Filistyne die hele leër van Israel verslaan."

Saul het uitgetrek op die grond geval, lam van vrees oor die woorde van Samuel. Hy was ook flou van honger, want hy het die hele dag en nag niks geëet nie. Toe die vrou sien hoe geweldig ontsteld hy is, sê sy: "My heer, ek het gedoen soos u gevra het en het my lewe gewaag om na u te luister. Doen nou ook wat ek sê. Laat my iets vir u gee om te eet sodat u sterk kan word vir die terugreis." Maar Saul het geweier en gesê: "Ek wil nie eet nie!"

Die manne saam met hom het soos die vrou hom ook aangespoor om te eet. Hy het uiteindelik toegegee en van die grond af opgestaan en op die rusbank gaan sit. Die vrou het 'n vet kalf by haar huis gehad. Sy het dit geslag, deeg geknie en ongesuurde brood gebak. Dit het sy vir Saul en sy manne gegee en hulle het geëet. Daarna het hulle dieselfde nag nog weggegaan. (1Sa 28:1-25)

## Opsomming

- 1) Samuel het nooit weer vir Saul kom sien nie, tot op die dag van Saul's se dood. Toe Saul vir Dawid gesoek het, het hy na Samuel se huis toe gegaan. Later het Saul, deur die dodebesweerder van En-Dor, vir Samuel opgeroep. Toe het Samuel na Saul toe gekom vir die laaste keer, en die vers van 1Samuel 15:35 was so vervul.
- 2) Volgens die Bybel is die gees wat met Saul gepraat het, Samuel se gees.
- 3) Saul het probeer om 'n antwoord by die HERE te verkry volgens :

*Hy het die HERE gevra wat hy moes doen, maar die HERE het hom nie geantwoord nie, nie deur drome nie en ook nie deur die Urim of die profete nie. (1Sa 28:6)*

Maar mense kwoteer die redes uit 1Kronieke 10:14

*Saul is dood omdat hy ontrou aan die HERE was. Hy het nie die HERE se opdrag gehoorsaam nie, en het selfs leiding by iemand gaan soek wat geeste oproep. Hy het nie die HERE geraadpleeg nie. Daarom het die HERE hom doodgemaak en die koningskap aan Dawid seun van Isai gegee. (1Kr 10:13-14)*

Vers dertien is korrek maar 14 is nie reg nie, want die Here was al lankal klaar met Saul na sy tweede daad van ongehoorsaamheid. Was dit voorspel? Kyk na 1Sa 10:4!

- 4) Neem kennis van die stelling, *"Ek sien 'n gees wat uit die onderwêreld opkom," sê sy.*

Die onderwêreld, Hades, is die plek waar die geeste van dooie mense wag vir die eerste of die tweede opstanding. Dit word ook deur Jesus beskryf in Lukas 16:19-31.

*"Dawid het in die toekoms gesien en oor die opstanding van die Messias nie in Hades agtergelaat sal word nie en dat sy liggaam nie in die graf sal vergaan nie." (Han 2:31)*

Die Messias was in Hades (sy gees), en sy liggaam was in die graf (die vlees).

Jesus het ook gesê, *"Wat uit 'n menslike liggaam gebore is, is menslik, en wat uit die Gees gebore is, is gees." (Joh 3:6)*

Kyk ook na 1Petrus 3:18-20 en 2Petrus 2:4-11 in die KJV Bybel.

As Hades nie bestaan nie, hoe verduidelik ons die menigte verwysings daarna?  
Hades of Sheol is die doderyk.

*"Die dood en die doderyk is toe in die vuurpoel gegooi. Dit is die tweede dood - die poel van vuur. En as dit geblyk het dat iemand se naam nie in die Boekrol van die Lewe opgeskryf staan nie, is hy in die vuurpoel gegooi." (Ope 20:14)*

Daar is 'n periode van 1000 jaar, tussen die eerste en die tweede opstandings, volgens Openbaring 20:4-6. Dit is 'n baie lank periode, om net te wag vir die poel van vuur!!!

-oOo-